# Registrasie vir 2025

**Baie dankie vir julle vertroue in ons om julle kleinding te kan leer en help met voorbereiding vir die lewe daar buite. Dit is 'n groot verantwoordelikheid en ons gaan dit na die beste van ons vermoë aanpak.**

Ek bring graag die volgende onder u aandag voordat u die vorms voltooi.

* U moet bl 12 tot 19 volledig voltooi.
* Voltooi die **kontrak met SWART PEN.**
* Albei ouers teken en parafeer die kontrak.
* Maak seker **elke bladsy is geparafeer.**
* Met geskeide ouers teken die persoon verantwoordelik vir die betaling.

Jonge Einstein Groete.

Mariaan Botha

## VIR KANTOORGEBRUIK:

| BESKRYWING | JA | NEE |
|---|---|---|
| Alle bladsye van die kontrak is geparafeer | | |
| Alle inligting volledig voltooi bl 12 - 19 | | |
| Kontrak geteken bl 14, 15 (x2), 16, 17, 18, 19 | | |
| Bewys van adres (nie ouer as 3 maande) | | |
| Mediesefondskaart | | |
| Opgedateerde immuniteitskaart van kind | | |

hoof@jongeeinstein.co.za
0825795852
REGISTRASIE
h/v Braam Pretorius & Dominikastraat 292, Magalieskruin, Pretoria
Posbus 1480, Montana Park, 0159

A Proud Member of SA Childcare Association
Stronger Together!

# TERME EN VOORWAARDES VIR 2025

**Jonge Einstein Akademie is 'n Christelike Afrikaanse Kleuterskool.**

## SKOOLTYE: 06:15 – 17:30

**Geen toegang tot die perseel word verleen aan enige persoon/persone voor 6:15 soggens nie. Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om toesig te hou oor jou kind tot 6:15 soggens wanneer die personeel op die perseel is.**
Ons kan ongelukkig geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige kind(ers) wat te vroeg by die skool afgelaai word en / of te laat afgehaal word nie.

**Maak asseblief seker dat u kind stiptelik vir die dagprogram arriveer wat om 08:00 begin.** Dit is baie steurend as kinders laat arriveer en dit veroorsaak dat die hele dagprogram van daardie klassie laat is.

Ingeval van nood, kontak asseblief die skool op 012-567 1940 om die nodige reëlings te tref. Let asseblief daarop dat kinders op die laatste **17:30** afgehaal moet word. Indien u versuim om u kind voor 17:30 te kom afhaal, of vroegtydig alternatiewe reëlings getref het nie, sal ons genoodsaak wees om **'n boete van R60-00 per 15 minute** op te lê, wat aan die einde van die maand teen u rekening gehef sal word.

## Vakansies en publieke vakansiedae:

**Die skooltjie sal tydens vakansies oop wees behalwe op die volgende dae:**
***Vyf dae in die Junie/Julie-vakansie, publieke vakansiedae, naweke, as daar 'n publieke vakansiedag op 'n Dinsdag val en die Maandag is 'n skole vakansiedag, is ons die Maandag gesluit en dieselfde met 'n publieke vakansiedag op 'n Donderdag, is ons die Vrydag gesluit en Desember vakansie.***

## 2025 Skoolkalender:

| **Kwartaal** | **GAUTENG** | | |
|---|---|---|---|
| | **Open** | **Sluit** | **Aantal weke** |
| **Eerste** | 15 Januarie | 28 Maart | 11 |
| **Tweede** | 8 April | 27 Junie | 12 |
| **Derde** | 22 Julie | 3 Oktober | 11 |
| **Vierde** | 13 Oktober | 10 Desember | 9 |

____________________
**PARAFEER**

**2025 se belangrike datums en datums waarop die kleuterskool gesluit is:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kleuterskool open | 8 Januarie | Menseregtedag | 21 Maart |
| Paasnaweek | 18 - 21 April | Vryheidsdag | 27 April |
| Publieke vakansiedag | 28 April | Werkersdag | 1 Mei |
| Kleuterskool gesluit | 2 Mei | Jeugdag | 16 Junie |
| Kleuterskool gesluit | 14 – 18 Julie | Nasionale vrouedag | 9 Augustus |
| Erfenisdag | 24 September | Kleuterskool sluit (12:00) | 12 Desember |
| Versoeningsdag | 16 Desember | | |

**Daar sal geen formele program gedurende die skoolvakansies wees nie.**

## SKOOLFONDS:

**Ons fooie gaan ongelukkig moet aangepas word, aangesien alles duurder geword het. Op nuwe registrasies mag die bestuur/trustees navraag doen op vorige verwysings. Sou daar negatiewe terugvoer wees, mag die bestuur/trustees die kind/kinders die skool weier.**

| | | |
|---|---|---|
| **Dagfooi:** | **baba's tot en met 2 jariges (Muiseklas):** | **R260 per dag en** |
| | **3 tot 5 jariges:** | **R230 per dag** |

'n **Registrasiefooi** is betaalbaar met inskrywing en beloop as volg:

| **Ouderdom** | **Klas** | **Bedrag** | **Waarvoor** |
|---|---|---|---|
| **Baba's** | Beertjies | **R1300** | Boekie, naamkaartjies, kotlinne, waslap |
| **Peuters** | Vlinders en Muise | **R950** | Boekie, kunsbenodighede, skryfbehoeftes, naamkaartjies, waslap, matrasoortreksels |
| **Peuters/Kleuters** | Dino's, Uiltjies en Padda's | **R950** | Boekie, kunsbenodighede, skryfbehoeftes, naamkaartjies, matrasoortreksel |

**Hierdie fooi is jaarliks betaalbaar.**

Vanaf die **vierde kwartaal** word daar 'n fooi van R500 gehef vir Beertjieklas en R300 by ander ouderdomme, aangesien die volgende jaar se registrasiefooi reeds in die kwartaal betaalbaar is om die kind se plek te verseker vir 2026.

## ***Dagfooi: Buitemuurs ingesluit*** (5 dae per week)

**Oor 12 maande:** Die skoolfonds is as volg **(buitemuurs ingesluit by die prys):**

| **Ouderdom** | **Klas** | **Bedrag** | **Buitemuurs ingesluit by maandfooi** |
|---|---|---|---|
| **Klein Baba's** | Beertjies | **R4 250** | Kinderkinetika, Kindermuzik |
| **Groot Baba's** | Vlindertjies | **R4 150** | Kinderkinetika, Bak-en-brou, Kinderkuns, Kindermuzik |
| **Peuters** | Muise | **R4 150** | Kinderkinetika, Bak-en-brou, Kinderkuns, Kindermusiek |
| **Peuter/Kleuter** | Dino | **R4 000** | Kinderkinetika, Bak-en-brou, Kinderkuns, Kindermusiek |
| **Kleuters** | Uiltjies | **R4 000** | Kinderkinetika, Bak-en-brou, Kinderkuns, Kindermusiek |
| **Kleuters** | Padda's | **R4 000** | Kinderkinetika, Bak-en-brou, Kinderkuns, Kindermusiek, Play Tennis |

_______________
**PARAFEER**

**Die maandfooi is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die 3de van elke maand, vir 12 maande, ongeag siekte en vakansiedae**. Indien 'n kindjie ingeskryf is vir bv drie dae 'n week, word daardie drie dae as 'n **vaste reëling** gesien en al is die kleinding siek, met vakansie of dis 'n publieke vakansiedag, word die fooi van 3 dae per week vooruit gehef. **Jy kan nie ander dae kom indien jy een van die 3 dae afwesig was om op te vang nie, dan word daardie dag ekstra gehef.**

Indien u vir ***November wil kennis gee***, **is Desember se gelde wel betaalbaar**, aangesien die personeel betaalde verlof het en byna al die ander uitgawes dieselfde bly. November is dus nie 'n kennisgee maand nie. **Die laaste kennismaand is dus begin Oktober (voor 7de) en geen kennis sal aanvaar word na Oktobermaand nie.** U bly steeds verantwoordelik vir 12 maande se skoolgeld. **Indien jy November kennis gee vir Desember en nie Desember se skoolgeld betaal het nie, en jy bring jou kind terug in Januarie, sal daar 'n dubbele maandfooi gehef word en betaalbaar wees, asook die registrasiefooi en sal die kind/kinders nie toegelaat word voor dit nie ten volle betaal is nie.**

Fooie is betaalbaar voor of op die 3de van elke maand en fooie is uitstaande tot 'n bewys van betaling ontvang is. 'n 5% boete van die maandelikse fooi sal outomaties by die volgende maand se faktuur gehef word indien die fooie laat betaal word. **Indien die skoolgeldrekening agterstallig is vir een maand en daar is geen reëlings getref ten opsigte van afbetaling nie, sal ons genoodsaak wees om u kind toegang tot die skool te weier.**
Die skoolfooi sluit alle benodigdhede in, behalwe doeke en melk vir die baba's. Indien die mamma wil hê ons moet 'n ander soort wipe, boudjiesalf, pap, ens gebruik, moet sy dit self voorsien. Kinders met allergieë se ouers moet ook die kos, snacks, wipes en boudjiesalf self voorsien, asook ouers wat bv 'n vegitarieseleefstyl volg.

## BANKBESONDERHEDE:

**Jonge Einstein Akademie**
**Eerste Nasionale Bank Tjekrekening**
**Takkode: 250655**
**Taknaam: Zambezi Drive**
**Rekeningnommer: 62302172226**
**Verwysing: Kind se naam en van / Klas**

**Alle skoolgeld moet in die skool se rekening inbetaal word, maar gelde soos vir foto's, instappies en konserte moet in ons Tyme Bankrekening inbetaal word. Indien kontant gestuur word, moet dit in 'n gemerkte koevert met die kind se naam op en waarvoor dit is, gestuur word in die kind se tassie. Kontak asb die juffrou en Charne om te laat weet daar is geld in die tassie.**

**TYME BANK**

**MA Botha**
**Current Account**
**Rek nr:** 51021820391
**Takkode:** 678910
**Verwysing:** Kind se naam en waarvoor

Indien u nie 'n betaling per EFT(internetoorbetaling) wil doen nie, is u welkom om u kind se skoolgelde in 'n duidelik gemerkte koevert (kind se naam en van) in die kind se tas te sit en die betrokke onderwyser of Charne te verwittig. Kwitansies word uitgeskryf en in kwitansieboekie gehou. U sal wel die betaling op u staat sien. State word 2 keer per maand uitgestuur, wanneer ons skoolgelde hef, tussen 24ste en 26ste van 'n maand en weer tussen die 7de en die 10de vir die gelde wat ontvang is. Die stelsel laat nie toe om faktuur en staat apart te stuur nie. Laat weet asb as u nie state ontvang nie.

## AKTIWITEITE WAT BY SKOOLFONDS INGESLUIT IS:

- Bak-en-brou
- Kinderkinetika (vir die klein baba's massering, ander volg uigewerkte program) – Accelerate Kids
- Kinderkuns
- Kiddiemuzik (Baba tot 1 jaar) - Riana Vermeulen en Kindermusiek (2 jaar tot 5 jaar) – San-Mari Booysen
- Play tennis (net 5 jariges) – Manie Booysen

Die kleuterskool betaal die maandfooie van die buitemuurs, maar **die registrasiefooi van die Kiddiemuzik en -musiek word deur die ouers betaal**. Die kiddiemuzik van die baba's se fooi beloop om en by ±R160 en die musiek van die peuters en kleuters se registrasie beloop ±R200 (sluit 'n geskenkie in) en sal aan u deurgegee word volgende jaar en moet voor einde Februarie 2025 aan die spesifieke persoon betaal word. Hierdie fooie het niks met die skoolgeld te doen nie.

## .AKTIWITEITE WAT NIE BY SKOOLFONDS INGESLUIT IS NIE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| • Dans | - | René Eybers | Dance Explosion |
| • Swem | - | Miekie en Hildegard | Aqua Miek Swemskool |
| • Gimnastiek | - | Jenny Dreyer | Gim Tots |
| • Rugby | - | Duval Smith | RSD (Rugby Skills and Development) |
| • Daai Juffrou | - | Tariek Erasmus | Wiskunde |

_______________
**PARAFEER**

Die fooie word maandeliks direk deur u as ouer aan die onderskeie instansies oorbetaal, maar dis nie regverdig teenoor die kleuterskool dat kinders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem se fooie op datum is, maar u skoolgelde is uitstaande nie. **Ons reëling vanaf 2025 is dat indien die skoolgelde uitstaande is, ons ongelukkig u kind die buitemuurs sal weier tot skoolgelde op datum is**.

## DAGPROGRAM

**Tye verskil by verskillende ouderdomme** **(Elke klas se dagprogram is voor in kind se kommunikasieboekie)**

| | |
|---|---|
| 6:00 - 8:00 | Kinders arriveer |
| 8:00 - 8:20 | Ontbyt |
| 8:20 - 8:40 | Badkamer toe en was hande |
| 8:40 - 9:00 | Lees Bybelstorie en sing Christelike liedjies |
| 9:00 - 9:45 | Matwerk en hoofwerkie |
| 9:45 - 10:00 | Verversing en koeldrank |
| 10:00 - 10:30 | Buitemuurs |
| 10:30 - 10:50 | Fynmotories |
| 10:50 - 11:10 | Grootmotories |
| 11:10 - 11:35 | Vryspel buite |
| 11:35 - 11:45 | Storietyd of liedjies |
| 11:45 - 12:00 | Middagete |
| 12:00 - 14:00 | Slaaptyd |
| 14:00 - 14:45 | Vryspel buite |
| 14:45 - 15:00 | Verversing en koeldrank |
| 15:00 - 17:00 | Vryspel buite |
| 17:00 - 17:30 | Toesig binne tot ouers kom |

**JONGE EINSTEIN AKADEMIE VOLG DIE NSVLO KURRIKULUM (ELDA in engels).** Alle kleuterskole het 1 April 2022 oorgeskuif na die Departement van Onderwys en gebruik ons die kurrikulum wat die voorloper van die CAPS kurrikulum is wat van graad R tot Gr 12 gebruik word. ELDA en CAPS is deur die Departement van Onderwys saamgestel. Ons gebruik die kurrikulum al die afgelope vier jaar en is al goed vertroud met die leerplan.

## VERLAAT VAN DIE SKOOL:

Indien u kind die skool sou verlaat, word **een kalendermaand skriftelike kennisgewing** verlang, voor of op **die 7de van die betrokke maand, anders is u verantwoordelik vir die volgende maand se betaling ook**. **Indien u November kennis gee, moet Desember se gelde betaal word,** aangesien die personeel betaalde verlof het en byna al die ander uitgawes dieselfde bly. **Indien jy November kennis gee vir Desember en nie Desember se skoolgeld betaal het nie, en jy bring jou kind terug in Januarie is daar 'n dubbele maandfooi betaalbaar asook die registrasiefooi. Indien jy besluit om jou kind nie meer te bring nie en jy het klaar die registrasiefooi betaal, verbeur jy die fooi.**

## PARKERING, AFLAAI EN OPLAAI

- Parkering is beskikbaar in Dominikastraat se kant van die skool. Moet asseblief **nie op die bure se gras of inritte parkeer** of **voor die kleuterskool se motorhuis nie**.
- Moet asseblief nie probeer om soggens en smiddae regs te draai uit Dominikastraat in Braam Pretoriusstraat in nie. **Ry in Dominikastraat oos tot in Ongers, draai links en kom in Braam Pretoriusstraat in by die mini-sirkel.**
- Dit is die ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat die kind nie sonder toesig buite die skool rondbeweeg wanneer hy/sy op- of afgelaai word nie. Vergesel asseblief u kind tot waar 'n onderwyseres of assistent hom/haar sal ontvang.
- Groet asseblief u kind voor u loop, maar **hou dit so kort as moontlik** – 'n uitgerekte groet mag die kind moontlik ontstel.
- Ouers word nie op die perseel toegelaat tydens af- en oplaai van die kinders nie. Dit is vir almal se veiligheid en gesondheid. U sal saamstem dat ons ook hierdeur 'n baie beter sekuriteitskontrole oor die kinders kan uitoefen.
- **Sorg asseblief ten alle tye dat u die hek toemaak**, dit mag nooit oopstaan nie.
- Om opeenhoping van verkeer te voorkom, hou die op- en aflaai proses so kort as moontlik.
- Kyk asseblief baie mooi as jy uittrek om die draai, die motors kom baie vinnig hier omgery. Ouers konsidereer asseblief mekaar en wees geduldig.
- **Moenie beursies, handsakke, aktetasse, selfone en ander waardevolle artikels sigbaar in u motor los met af- en oplaaityd nie. Maak seker u motor is gesluit.**
- **Opvoeding begin by die ouerhuis. Kom ons leer ons kinders om die personeellid wat hom/haar ontvang soggens of in die middag afgee te groet. Hierdie is basiese maniere.**

_______________
**PARAFEER**

## AFSPRAKE

Ouers is baie welkom om 'n afspraak met die skoolhoof te maak om enige kwessies rakende u kind of die skool te bespreek.  U kind is ongelooflik belangrik vir ons, daarom is dit van uiterste belang dat ons hom/haar openlik met mekaar moet kan bespreek.  Verkorte inligting soos byvoorbeeld dat die kind nie goed geslaap het die vorige nag nie, mamma en pappa het huweliksprobleme, troeteldier is dood, mamma of pappa werk uitstedig, is baie belangrik vir ons, alhoewel daar vir intense beprekings afsprake gemaak moet word.

## KOMMUNIKASIE

Met ons moderne tegnologie word daar 'n "WhatsApp" groepie gestig vir elke klas.  Hierdie groepie **word slegs gebruik om inligting aan die ouers deur te gee** en so u ingelig te hou.  Ons versoek egter dat die groepie slegs 'n kommunikasiekanaal bly en ons die privaat gesprekke en grappies tot die minimum beperk.   Let asb daarop dat die groepie **<u>nie voor 06:00 in die oggend en na 20:00 in die aand</u>** gebruik moet word nie.  Ons moet mekaar se privaatheid asseblief respekteer.
Elke kind het ook 'n boekie waarin ons alles wat op 'n daaglikse basis gebeur, invul om die ouers op hoogte te hou van hoe hulle kind se dag verloop het.  Die tema van die week, gediggie en liedjie wat by die tema pas is ook in die boekie.

SA Childcare Association
Stronger Together!

## PERSONEEL

Alle personeel is opgelei of besig om te studeer.  Ons skooltjie is deel van SA Child Care se assosiasie en hulle verskaf ook kursusse soos noodhulp, brandbestreiding, en ander kursusse wat die personeel van tyd tot tyd bywoon of aanlyn doen.  Ons is ook lede van Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) wat opleiding en kleuterskole bystaan met die Elda kurrikulum en opknappingskursusse aanbied.  So bly ons personeel op hoogte van die nuutste inligting in ons sektor en op standaard.

## KLERE EN SPEELGOED

Maak asseblief seker dat u kind so gemaklik moontlik aantrek.  Broeke vir die dogtertjies word aanbeveel. Indien u **dogtertjie wel 'n rok dra, trek asseblief 'n broek onder die rokkie vir haar aan.  Sorg dat jou kleinding se klere gemerk is.** Geen super-hero klere word toegelaat nie, dit wil sê Superman, Batman, Spiderman-"oufits" nie.  As veiligheidsmaatreël, maak asseblief seker dat u kind geen armbande of hangertjies dra wat aan iets kan vashaak nie of as dit breek of wegraak sal die skool nie verantwoordelikheid dra daarvoor nie.  Dit is belangrik dat u kind ten alle tye **'n ekstra stel of twee klere in sy/haar tas het**.  Pak asseblief 'n voldoende hoeveelheid doeke vir die kinders wat doek dra of onderbroekies vir kleintjies wat "potty" in.
**Om konflik te vermy, word geen speelgoed van die huis af toegelaat by die skool nie.**

## ETES EN VERSNAPPERINGS

Alle etes sal aan kleuters verskaf word.  **Om konflik te vermy, word geen kleuter toegelaat om sy eie kospakkie skooltoe te bring nie.**  <u>Geen kougom</u> word toegelaat nie.  Ouers asseblief geen lekkergoed of "chips" voor skool nie.  Suiker maak die kinders baie aktief en dit skep vir ons baie probleme.
Indien u kind nie skooltoe kom nie, laat weet asb vroeg die oggend die klas se juffrou.

## SLAAPTYD

Alle voldag leerders sal verplig word om te slaap.  Die maatjies wat nie slaap in die middae nie, word van 15:00 af moeilik en bakleierig, omdat hulle moeg is, wat dit vir die personeel en later vir mamma en pappa moeilik maak om hulle te hanteer.  'n Skoon matras sal aan elke kleuter verskaf word.  In die winter moet daar vir die maatjie 'n kombersie saamgestuur word.  Die kombersie sal Vrydae huistoe gestuur word om gewas te word.

## SIEKTE

Moet asseblief nie u kleuter skool toe stuur as hy/sy koors of enige aansteeklike siekte onderlede het nie.  Geen kinders met ooginfeksie, of mangelontsteking sal toegelaat word, voordat die kleinding nie ten minste **<u>48 uur reeds op antibiotika</u>** is nie.  'n **<u>Doktersbrief</u>** wat stipuleer dat die kleinding nie meer aansteeklik is nie, sal ook aanvaar word.  As u kleinding **<u>gehospitaliseerd</u>** was, moet hy/sy eers 48 uur tuis aansterk voor hy/sy mag terugkeer na die skooltjie of as 'n doktersbrief ingehandig word wat stipuleer die kleinding is gesond genoeg om skool by te woon.  Stel ons asseblief in kennis indien u kind nie die skool sal bywoon nie.  **Lees asseblief die Mediese- en Gesondheidsbeleid om uself  te vergewis met die gesondheidsreëls van ons skool.**

______________
**PARAFEER**

## VROEG HUISTOE GAAN

Indien ‘n voldag-maatjie vroeg afgehaal word, moet u asseblief jou kleinding se juffrou in kennis stel. Ons sal dan toesien dat die maatjie nie gaan slaap nie, maar hy/sy moet voor 12:00 afgehaal word anders sal ons die maatjie stuur om te gaan slaap.

## RAKKIES EN TASSE

Elke baba en peuter sal ‘n gemerkte rakkie hê waarin sy/haar tassie gebêre moet word. Die kleuters het ‘n spesifieke plek waar hulle, hulle tassies bêre en die juffrou sal hulle wys waar. Dit is die groter maatjies se verantwoordelikheid om hulle skoene en baadjies wat hulle uittrek in hulle tassies te bêre. U moet hulle asseblief hiermee help en aanmoedig, sodat ons hulle leer om verantwoordelike kinders en later grootmense te wees. Die peuters en kleuters bêre self na slaaptyd hulle tasse buite, dus vra ons dat hulle sakke/tasse asb klein genoeg is dat hulle dit self kan hanteer.

Kontroleer asb DAAGLIKS u kind se tassie. Kyk asb dat daar genoeg klere, onderbroekies, doeke, ens in tassie is en dat daar nie dalk ‘n nat of vuil kledingstuk vir u huistoe gestuur is nie. Van die kinders se sakke ruik baie benoud en is baie vuil.

## BABA’S

U moet toesien dat die volgende daagliks in u kleinding se sak is:

- bottels,
- formulemelk,
- ± 6 doeke
- boekie
- 2 of meer stelletjies skoon klere.

Indien u baba brandboudjies het en daar spesiale salf aangesmeer moet word, moet u dit voorsien, anders sal ons petroliumjellie of Fissan se “Everyday” salf gebruik. Ons gebruik Johnson & Johnson se wipes vir die skoonmaak van die klein baba’s se boudjies. Indien ons spesifieke kos vir die baba moet gee, moet u dit asb self voorsien.

**Ek hoop en vertrou dat ons as skooltjie en u as ouers, saam vir u kind net die beste kan bied.**

**Mariaan Botha**
**HOOF**

______________
**PARAFEER**

www.jongeeinstein.co.za

Jonge Einstein Akademie
leer is pret!
Medisyne
hoof@jongeeinstein.co.za
0825795852
h/v Braam Pretorius + Dominikastraat 292, Magalieskruin, Pretoria
Posbus 1480, Montana Park, 0159



**MEDISYNE- EN GESONDHEIDSBELEID 2025**

**Dit is belangrik dat ons kinders en personeel se gesondheid beskerm word. Spesiale aandag moet aan 'n siek kind gegee word en is onregverdig om te verwag die personeel moet na so 'n kleinding kyk en met die normale klasgee voortgaan. Siek kinders moet asb tuis gehou word waar hulle versorg / verpleeg kan word en so die herstelproses vinniger laat plaasvind. Ouers ons besef dat julle verlof beperk is en sal ons julle slegs kontak om jul kind te kom haal as die personeel bekommerd is en voel die ouer moet bewus wees van hul kind se toestand.**

**<u>RIGLYNE VIR NIE-BYWONING</u>**

Sou die kind die volgende toon:

- Diarree (meer as 2 ingewandbewegings oor die bestek van 'n paar uur) en Rotavirus
- Mangelontsteking
- Vomeer(braking) meer as een keer deur die verloop van 24 uur
- Veluitslag wat gepaard gaan met koors, behalwe as geskrewe toestemming gegee is deur 'n dokter dat die kind skool mag bywoon
- Conjunctivis ('pink eyes') met 'n klein uitslag tot en met 24 uur na behandeling begin is en geen uitslag teenwoordig is nie.
- Kopluise – tot en met 24 ure na behandeling toegedien is.
- Lopende neus – dik geel afskeiding en/of aanhoudende hoes
- Enige aansteeklike kindersiektes bv Waterpokkies, Masels, Pampoentjies tot die dokter geskrewe toestemming gee dat die kind die skool mag bywoon
- 'n Koors van 38℃ met ander tekens soos slaperigheid, huilerigheid, hoes, versnelde asemhaling en toe bors.
- Hand-mond-en-voetsiekte (Coxsacki Virus)
- Varkgriep ("Swine flu" of Influenza A)
- Covid-19

Indien u kind 'n aansteeklike siekte gehad het kan die personeel aandring op 'n doktersbrief om te bevestig dat die kleinding gereed is om skooltoe te kom.

- Indien personeel 'n aansteeklike siekte vermoed by 'n baba of kleuter, moet die kind onmiddellik in afsondering geplaas word en die ouers moet in kennis gestel word.
- Sou 'n kind siek word by die skool, sal hy geïsoleer word en onder volwasse toesig gehou word. Die ouers sal gekontak word om die kind te kom afhaal.
- Die personeel sal in geval van nood die nodige noodhulp toepas. Ouers sal onmiddellik in kennis gestel word. Indien mediese aandag nodig is, sal die ambulans ontbied word wat die kind sal stabiliseer en na die naaste hospitaal sal neem. Elke moontlike poging sal gemaak word om die kind se huisdokter te kontak. Personeel en assistente het 'n basiese noodhulp-opleiding ontvang. Alle beserings word in die Beserings-en ongevalleregister aangeteken.

______________
**PARAFEER**

- Indien ‘n kind tuis ‘n ernstige besering opgedoen het, moet die ouer die klasonderwyseres die volgende oggend daarvan in kennis stel.
- ‘n Naam en telefoonlys met noodnommers is beskikbaar.

**<u>MEDISYNE</u>**

**Volgens die landswette mag geen medikasie by ‘n werk of skool toegedien word nie as gevolg van dwelmrisiko, maar ons kom die ouers tegemoet. Ons sal net medikasie gee as dit in die kind se boekie ingeskryf is of aan die betrokke onderwyseres ge-WhatsApp word.**

‘n Kind wat op antibiotika was, moet reeds **48 uur** daarop wees, voordat hy/sy mag terugkom skool toe.

- Alle medisyne wat skooltoe gebring word, moet oorhandig word aan die personeel en onder geen omstandighede in die kind se tas gelaat word nie.
- Medisyne moet in ‘n medisynekas buite die bereik van kinders gestoor word.
- Slegs medisyne wat voorgeskryf is deur ‘n mediese dokter sal toegedien word deur personeel, dit wil sê medisyne met ‘n apteekplakker op, wat aandui dat dit vir die spesifieke kind voorgekryf is met ‘n onlangse datum.
- Geen disprin of aspirine sal deur die personeel aan die kinders vir koors of pyn toegedien word nie. Slegs een dosis Panado- of Calpolstroop sal gegee word.
- In geval van nood, mag die skool met toestemming van die ouer een dosis Panado-of Calpolstroop aan die kind toedien.
- Alle antibiotika moet in die yskas gestoor word, duidelik gemerk met die kind se naam op.
- Wanneer ‘n kind by die skool siek word (koors, diarree, naarheid) word die ouers onmiddellik in kennis gestel en versoek om die kind te kom haal. As die ouer versoek dat medikasie toegedien moet word tot hy/sy by skool arriveer, moet dit per WhatsApp of SMS gedoen word.
- **Geen medikase sal op ‘n gereelde basis aan kinders toegedien word nie, behalwe in die geval van chroniese siekte, soos asma.**

**<u>GESONDHEID</u>**

- Ouers moet ‘n bewys van inentings verskaf ten tye van registrasie. Die verpligte inentings gevolglik wet is as volg:

| | |
|---|---|
| **Geboorte:** | BCG<br>Polio |
| **6 Weke:** | Polio<br>DTP & Hib (opsioneel) |
| **10 Weke:** | Polio<br>DTP & Hib (opsioneel)<br>Hep B (opsioneel) |
| **14 Weke:** | Polio<br>DTP & Hib (opsioneel)<br>Hep B |

______________
**PARAFEER**

**9 Maande:** Masels

**12 Maande:** Waterpokkies en
Hepatitis A

**18 Maande:** Polio
DTP & Hib (opsioneel)
MMR (opsioneel)

**5 Jaar:** Polio
DT

- Die wet vereis dat elke kind teen sekere siektes ingeënt moet word. Maak asseblief seker dat dit gedoen word teen die vereiste ouderdom. Dit is raadsaam om u baba of kind teen Hib te immuniseer. Vra asseblief u dokter se advies rakende inenting teen Hib en MMR.

**VIGS-BELEID**

Dit stem ooreen met die algemene vigs-beleid van Suid-Afrika en behels die volgende:

- Kleuters sal geleer word om nie aan bloed of wonde van enige maat te raak nie, maar 'n personeellid te roep om te help.
- Rubberhandskoene moet deur die personeellid of persoon gedra word om 'n pasiënt wat seergekry het te versorg en help.
- Elke personeellid en kleuter het die reg op menswaardige behandeling en privaatheid.

**KOPLUISE**

Kopluise kom gewoonlik voor met die wisseling van seisoene. Enige persoon kan kopluise kry. Indien dit gelos word en nie behandel word nie, kan dit 'n epidemie veroorsaak. Kopluise het geensins met higiëne te doen nie, inteendeel hulle verkies skoon hare. Hulle kan nie spring nie en word slegs oorgedra met fisieke kontak

- Ons kyk een maal per week die kinders se hare deur vir kopluise. Indien daar moontlike besmetting is, word die ouer geskakel vanuit die kantoor en die kleuter moet so gou moontlik huistoe gaan om oordrag te voorkom.
- Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die medikasie te koop en toe te dien.
- Slegs as daar geen teken is van nete (oud of nuut) op die kind se kop nie, mag hy/sy terugkom skool toe.
- Behandeling: Was die kleinding se hare met spesiale shampoo wat by enige apteek te koop aangebied word. Kam alle nete en kopluise uit met 'n spesiale staalkammetjie. Was die beddegoed, handdoeke, pette, ens en hang in son of tuimeldroog aangesien addisionele hitte die luise doodmaak.

**HIGIËNE**

- Dit is vir ons baie belangrik dat daar 'n roetine gevolg word waar higiëne nie net aan die kleingoed geleer word nie, maar waar dit regdeur die skooltjie toegepas word.

- Antibakteriese handewasseep, water, handdoekrol en -papiertjies, tissues, toiletpapier, wipes en handsaniteerder word gebruik. Sanitizing spray word gebruik om daagliks die speelgoed mee te spuit en Savlonwater word gespuit op die doekruilstasies na elke doekruiling om dit te saniteer en skoon te hou. Die skooltjie voorsien al die produkte.

________________
**PARAFEER**

- Gereelde toiletroetine is deel van die dagprogram en die peuters en kleuters word geleer om hulle hande na toiletgebruik te was.
- Die kleuters word ook geleer om hulle eie neusies af te vee en die snesie in ‘n asblik te gooi.
- Elke kleinding moet ‘n ekstra stel skoon klere in sy skoolsak saambring skool toe ingeval van nood. Sou die kind ‘n glips kry, versorg die juffrou of assistant hom/haar met groot deernis.
- Kleiner kinders word “gepotty-train” wanneer ouers en die juffrou saam besluit dat die tyd reg is daarvoor, sodat hulle as span kan saamwerk. Daar sal nie begin word met “potty-training” in die winter nie.
- ‘n Veilige ontsmettingsmiddel vir kinders (Enviroshield) word weekliks in al die klasse en kombuis gespuit. Ons gebruik ook Bioway Multi wat ‘n groen produk is en veilig vir kinders vir die beheer van insekte en miere.

**ALGEMEEN**

- Beperk jou kind se suikerinname en bou so sy/haar immuunstelsel op.
- Water drink word baie aangemoedig deur die loop van die dag.
- Foute en verkeerde keuses maak is deel van grootword.

________________

**PARAFEER**

www.jongeeinstein.co.za

Jonge Einstein Akademie
leer is pret!

# Registrasievorm

hoof@jongeeinstein.co.za
0825795852

Babas & Kleuters

h/v Braam Pretorius & Dominikastraat 292, Magalieskruin, Pretoria
Posbus 1480, Montana Park, 0159



## ALGEMENE INLIGTING EN KONTRAK VIR 2025

*"The personal information hereby provided by the Parents / Guardian will be used and processed as is necessary to carry out actions and functions for the conclusion of the performance of the agreement entered into between the parties. The school forms part of the Professional Services Employers Organisation of South Africa (PSEO SA), and all information provided by the Parent / Guardian is kept on a secure central database for administrative and compliance purposes, only accessible by the allocated authorized representatives of member schools. The Parent / Guardian consents that such information may be used for administrative actions and communications linked to the PSEO SA database on behalf of member schools. The confines of the agreement will not be overstepped, and the documentation collected and/or personal information given will not be used for any other purpose other than that of the performance of the agreement or administrative actions linked to the PSEO SA database on behalf of member schools, unless otherwise required by law or when prior authorization is obtained."*

## REGISTRASIE VIR 2025

***Kind se besonderhede:***

Van:

Naam:

Geboortedatum:

Ouderdom:

ID Nommer:

Posisie in familie:

***Pa se besonderhede:***

Van:

Doopnaam:

Noemnaam:

ID Nommer:

Woonadres (***Domicilia citandi et executandi / "Physical address where all notices and processes of court will delivered and served"***):

Posadres:

Huis telefoon: Werk telefoon:

Selfoon: Faks:

E-pos adres:

Beroep:

Werkgewer:

Werkgewer se adres:

***Ma se besonderhede:***

Van:

Doopnaam:

Noemnaam:

ID Nommer:

Huis telefoon: Werk telefoon:

| | |
|---|---|
| Selfoon: | Faks: |
| E-pos adres: | |
| Woonadres (***Domicilia citandi et executandi / "Physical address where all notices and processes of court will delivered and served"***): | |
| Posadres: | |
| Beroep: | |
| Werkgewer: | |
| Werkgewer se adres: | |
| ***Algemeen:*** | |
| Persoon verantwoordelik vir vereffening van skool- en ander gelde:<br>Pa ☐ Ma ☐ Beide ouers ☐ | |
| Geloofserkenning: | |
| Ouers se huwelikstatus: | |
| Noodnommers van vriende en familie:<br>Naam: Tel.nr: Verwantskap:<br>Naam: Tel.nr: Verwantskap:<br>Naam: Tel.nr: Verwantskap: | |
| Metode van betaling: (Ons verkies EFT vir veiligheid van kinders)<br>EFT ☐<br>Kontant ☐ | |

| **MEDIESE INLIGTING** |
|---|
| ***Dokter se besonderhede:*** |
| Dokter se naam: |
| Spreekkamer telefoon: |
| ***Mediese fonds inligting:*** |
| Naam van Mediese fonds: |
| Nommer: |
| Nommer van afhanklike: |
| ***Mediese kondisie:*** |
| Meld mediese kondisies en/of chroniese kondisies (Epilepsie, asma, ens) aan: |
| Allergieë (medisyne, insekbyte, voedsel, ens.) ***Stuur asseblief alle nodige medikasie.*** |

| Het u kind inenting ontvang teen alle kindersiektes? |
| --- |
| **Ek, ____________________________, ouer van ______________________________ gee toestemming / gee nie toestemming, aan die skool om 'n ander dokter of paramedikus te gebruik in geval van nood.**<br><br>**Handtekening:** |

**Ek/ons, die ondergetekende rekeningpligtige/s (ouer/voog) aanvaar hiermee onvoorwaardelik die toelatingsbeleid en voorwaardes van Jonge Einstein Akademie en gee toestemming dat daar kredietnavraag gedoen kan word by ITC Kredietburo.**
**Ek/ons verklaar hiermee dat die inligting weergegee in hierdie vorm korrek en betroubaar is. Ek/ons het al die terme en voorwaardes vir 2025 gelees, verstaan dit en aanvaar dit.**

Ek/ons verstaan dat die **registrasiefooi vir 2025** betaalbaar is vir **alle kinders ingeskryf** by Jonge Einstein Akademie vir 2025. **Die fooi moet so gou as moontlik betaal word en nie later nie as 13 Desember 2024.** Ek/ons aanvaar dat ek die **registrasiefooi** verbeur indien ek die skooltjie verlaat, al is dit binne die eerste maand of twee, of as die kind nie opdaag nie.

**Ek/ons verstaan en aanvaar dat indien my/ons kind siek word en 'n geruime tyd van die kleuterskool afwesig is, ek/ons nog steeds vir sy/haar plek by die skooltjie moet betaal.**

Ek/ons aanspreeklik sal wees vir die stiptelike betaling van skoolgelde, wat aan die skool vooruit betaalbaar is vir **12 (twaalf) maande** en van tyd tot tyd deur die bestuur hersien kan word en dat ek/ons onderhewig is om **1 (een) kalendermaand**, skriftelik kennis te gee voor die 7de van die betrokke maand anders is u verantwoordelik vir die volgende maand se betaling ook, indien my kind die skool verlaat. Indien daar versuim word om die nodige skoolgelde te betaal soos ooreengekom, is ons geregtig om u kind/kinders die skool te weier en is die betrokke maand se volle skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar voor ons die kind/kinders die skool sal toelaat. Op alle agterstallige betalings/paaiemente sal daar rente gehef word teen 5% per maand. Sodanige nie-presterende ouer/voog sal aanspreeklik wees vir alle invorderingskostes en fooie op 'n skaal soos tussen 'n prokureur-en-kliënt, spesifiek met betrekking tot kostes ten opsigte van opsporing asook soos voorsien in die Skuldvorderingswet van 1998 en enige ander fooie en kostes reeds aangegaan of wat in die toekoms aangegaan mag word.

Die rekeningpligtige (ouer/voog) van die kinders kies hiermee die adres soos in hierdie registrasievorm vermeld as hul ***domicilium citandi et executandi ( Fisiese adres waar alle kennisgewings en dagvaardiging van die hof afgelewer word)*** vir alle doeleindes van moontlike kennisgewing wat aan sodanige rekeningpligtige (ouer/voor) gerig moet word. Enige verandering daarvan moet so spoedig as moontlik deur die ouers skriftelik aan die skool oorhandig word.

Ek/ons verstaan dat **laaste kennismaand is dus begin Oktober** (voor 7de) en geen kennis sal aanvaar word na Oktobermaand nie. U is verantwoordelik vir 12 maande se skoolgeld.

_______________
**PARAFEER**

## SOSIALE MEDIA

**Jonge Einstein Akademie** erken en besef die behoefte dat ons die baba's, peuters en kleuters se welstand en veiligheid moet verseker wat aan die verskeie aktiwiteite deelneem.

Ek, ________________________________________, die ouer(s) / voog(de) van:

(kind se volle name)……………………………………………………………………..

gee hiermee toestemming aan **Jonge Einstein Akademie om enige stilstaande of bewegende beelde wat as beeldmateriaal, foto's of gedeeltes daarvan of luisterfoto's vir die bogenoemde kinders, geneem deur 'n werknemer van Jonge Einstein Akademie of namens Jonge Einstein Akademie, vir enige van die ondergenoemde gebruike: ( Maak 'n "✓" in die blokkies waartoe u toetemming verleen en 'n "X" as u nie toestemming verleen nie)**

- ☐ Advertensies, bemarking, pamflette of enige ander gebruike soos byvoorbeeld vir opleiding, opvoedkundige publisietyd doeleindes.
- ☐ Op die **Jonge Einstein Akademie** se Facebook-blad en Webblad.
- ☐ In die kleuterskool se koerantjie OF kommunikasieboekie
- ☐ Op die WhatsApp skoolgroepie van **Jonge Einstein Akademie**.
- ☐ Ek as ouer is bewus dat daar CCTV kameras in die klasse en op die speelgrond vir beskerming en gebeure rondom my kind en die skool is.

Die bogenoemde toestemming sal van toepassing wees regdeur die wêreld en vir 'n onbepaalde tydperk.

Handtekening: ………………………………………... Datum …………………………………

Handtekening: ……………………………………….. .Datum …………………………………

Adres: ………………………………………………………………………………….

Poskode: ………………………………..

**Die volgende dokumentasie moet die registrasievorm vergesel:**

- **Bewys van adres (nie ouer as 3 maande)**
- **Afskrif van mediesefondskaart. Indien fonds verander het deur loop van die jaar.**
- **Afskrif van kind se geboortesertifikaat**
- **Opgedateerde immuniteitskaart van u kind**

Geteken te _______________ op hierdie __________ dag van _______________20__.

_____________________ Handtekening (Pa)

_____________________ Handtekening (Ma)

_____________________ Handtekening (Skoolhoof)

hoof@jongeeinstein.co.za
0825795852


BYLAAG 1

h/v Braam Pretorius & Dominikastraat 292, Magalieskruin, Pretoria
Posbus 1480, Montana Park, 0159

# OOREENKOMS MET OUERS VIR 2025

Ek /ons, ____________________________, ouer / voog van ______________________________ doen aansoek om ingeskryf te word by Jonge Einstein Akademie. Ek het die voorafgaande termes en voorwaardes, asook die medisynebeleid van die skool gelees, dit verstaan en ek aanvaar dit sonder enige teenkanting. Ek sal aan die volgende voldoen:

- Die voorwaardes, reëls en regulasies van die skool, wat ook mag verander met die nodige kennisgewing daarvan.
- **Betaal die skoolgelde voor of op die 3$^{de}$ van elke maand en ek neem kennis dat daar 'n 5% boete op laat betalings gehef word.**
- Ek/ons skryf ons kind/kinders as volg in en moet die volgende fooi/fooie betaal:
  **Voldag:** Baba/peuter/kleuter oor 12 maande 'n bedrag van:

  Aantal kinders: _____ x R_______ = R______________

  **TOTALE BEDRAG VERSKULDIG PER MAAND: R_____________________** ☐ **Parafeer**

- **Daar is 'n boete van R60 per 15 min, vir die laat afhaal, na 17:30, van u kinders, wat die einde van die maand teen u rekening gehef sal word.**
- Ek moet **een kalendermaand (voor die 7de van die betrokke maand) skriftelik kennis** gee indien ek die skool verlaat, en dat die begin van Oktober die laaste kennismaand is.
- Die persoon verantwoordelik vir betaling onderneem om alle prokureurskostes te betaal, sou enige regsstappe volg as gevolg van bogenoemde reëls wat nie nagekom word nie. Op alle agterstallige betalings/paaiemente sal daar rente gehef word teen 5% per maand. Sodanige nie-presterende ouer/voog sal aanspreeklik wees vir alle invorderingskostes en fooie op 'n skaal soos tussen 'n prokureur-en-kliënt, spesifiek met betrekking tot kostes ten opsigte van opsporing asook soos voorsien in die Skuldinvorderingswet van 1998 en enige ander fooie en kostes reeds aangegaan of wat in die toekoms aangegaan mag word.
- **Ek neem kennis dat in 'n geval waar die ouer versuim om die skoolgelde te betaal, die skool die reg voorbehou om die kind toegang tot die skool te weier.** ☐ **Parafeer**

**Geteken te __________________ op die _________ dag van ______________________ 20___**

______________________________ ________________________
**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG** **ID NOMMER**

Jonge Einstein Akademie
leer is pret!
Vrywaring
hoof@jongeeinstein.co.za
0825795852
BYLAAG 2
h/v Braam Pretorius & Dominikastraat 292, Magalieskruin, Pretoria
Posbus 1480, Montana Park, 0159



# VRYWARINGSVORM VIR 2025

Ek, ______________________________________________(volle name)

ID Nommer _______________________________________

Pa/Ma van _______________________________________ (kind se volle name)

STRAATADRES:___________________________________________________________

VOORSTAD:______________________________________________________________

POSKODE: ____________________

Vrywaar hiermee Jonge Einstein Akademie en sy eienaar(s), asook alle verteenwoordigende werknemers van enige finansiële, geregtelike of mediese eise voortspruitend uit enige besering en of dood van welke aard opgedoen deur my kind ten tye van die skooldag en ten tye van in- of uitstappies soos deur die skool gereël behalwe in die geval van growwe nalatigheid en of opsetlike dade vanaf Jonge Einstein Akademie.

Geteken te ___________________ op hierdie ______ dag van __________________ 20___.

_________________________

Handtekening (Ouer)

www.jongeeinstein.co.za

Jonge Einstein Akademie

leer is pret!

# Toestemming

hoof@jongeeinstein.co.za

0825795852

## Afhaal van Kind



BYLAAG 3

h/v Braam Pretorius & Dominikastraat 292, Magalieskruin, Pretoria
Posbus 1480, Montana Park, 0159

**TOESTEMMING DEUR OUER VIR DIE AFHAAL VAN SY KIND DEUR 'N DERDE PARTY IN 2025**

Kind se naam: ________________________________________

Ek, ________________________________________ouer van die bogenoemde kind, gee toestemming vir enige van die volgende persone om my kind te kom afhaal by die skool:

1. ____________________ Verwantskap: ____________________
2. ____________________ Verwantskap: ____________________
3. ____________________ Verwantskap: ____________________
4. ____________________ Verwantskap: ____________________

Ouer se handtekening: ____________________

Datum: ____________________

Tel. (h) ____________________

Tel. (w) ____________________

*Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge.*

www.jongeeinstein.co.za

Posbus 1480, Montana Park, 0159

Sel: 082 579 5852

Dominikastraat 292 Sinoville Pretoria

Jonge Einstein Akademie

leer is pret!

**Jonge Einstein Akademie Trust**

## Toestemmingsbrief vir WhatsApp-groepe 2025

**Jonge Einstein Akademie** erken die behoefte om die welsyn en veiligheid van al die persone wat deelneem aan die aktiwiteite van ons organisasie.

Ek/ons,………………………………………………..die ouer(s)/voog(de) van:

(kind se volle naam)……………………………………………………………..

(kind se volle naam)……………………………………………………………..

(kind se volle naam)……………………………………………………………..

(kind se volle naam)……………………………………………………………..

gee hiermee toestemming aan **Jonge Einstein Akademie Trust** om my/ons inligting insluitend my/ons selfoonnommer(s) vir die volgende rede te gebruik:

- Op enige WhatsApp skoolgroep van **Jonge Einstein Akademie Trust.**

**Verwantskap aan kind:** …………………...   **Sel. nr:**………..…………..

Handtekening ouer: ……..……..………...   Datum……..………

Adres……….…………………………………………   Poskode……………..

**Verwantskap aan kind:**………………...   **Sel. nr:**………..…………..

Handtekening ouer: ……..……..………....   Datum……..………

Adres………………………………………………………   Poskode…………..